Lipome

Wat is ‘n lipoom?

‘n Lipoom is ‘n sagte vetagtige knop. Dit is ‘n benigne, (goedaardig) groeisel wat bestaan uit vet selle wat saamkoek. Dit kan in enige deel van die liggaam voorkom waar vetselle gevind word. Tipiese lipome is sag en effens beweeglik onder die vel as daarop gedruk word.

Mees algemeen ontwikkel lipome onder die vel in die vetweefsel. Dit is opsigself die sigbaarste lipome aangesien dit koepelvormige, sagte knoppe is wat uitstaan op die vel. Lipome kan varieer in grote van so klein soos ‘n ertjie tot etlike sentimeters in deursnit. Die areas waar lipome mees algemeen ontwikkel is op die skouers, rug en bors maar dit kan ook elders op die vel ontwikkel.

Lipome kan ook binne-in die liggaam ontwikkel, maar in die meeste van gevalle sal die pasiënt nie bewus wees daarvan nie, aangesien dit baie selde probleme veroorsaak.

Watter mense is geneig om lipome te ontwikkel en hoe algemeen is dit?

Enige persoon op enige ouderdom kan ‘n lipoom(e) ontwikkel. Dit is baie algemeen en 1 uit elke 100 mense ontwikkel een of meer lipome. Sommige mense se vetselle is meer geneig om saam te koek en lipome ontwikkel dan op verskeie dele van die liggaam. Self tot 20 of meer kan ontwikkel op verskeie dele van die liggaam.

Gewig het geen invloed op die ontwikkeling van ‘n lipome nie en dit is meer algemeen om net een of twee te ontwikkel.

Wat is die simptome van ‘n lipoom en is dit skadelik?

Lipome as sulks is nie ernstig nie en meeste veroorsaak geen simptome of probleme nie. Dit vergroot baie stadig en soms kan dit onsigbaar wees totdat dit ‘n paar sentimeter groot is. Soms kan dit op ‘n ander struktuur druk en probleme veroorsaak maar dit is baie raar. ‘n Voorbeeld hiervan is as dit op ‘n senuwee druk kan dit pyn veroorsaak en ook as dit ontwikkel in die dermwande kan dit probleme soos obstruksie en pyn veroorsaak.

Nota: Lipome is altyd benigne. Daar is geen bewyse dat ‘n lipoom die risiko van toekomstige kanker ontwikkeling verhoog nie. ‘n Lipoom is dus ‘n benigne (nie-kankeragtige), vetagtige knop wat normaalweg geen simptome of probleme veroorsaak nie. As dit onder die vel ontwikkel kan dit egter onooglik wees en as verkies, kan dit deur middel van ‘n eenvoudige prosedure verwyder word.

Het ‘n lipoom enige behandeling nodig?

Normaalweg het ‘n lipoom nie enige behandeling nodig nie, en as dit nie pla nie moet dit verkieslik net gelos word. Lipome kan wel chirurgies verwyder word vir kosmetiese redes soos byvoorbeeld as dit in die gesig ontwikkel, simptome van drukking veroorsaak, groter as 5 cm in deursnit is en as dit ‘n abnormale voorkoms het.

Soms word ‘n lipoom wat binne-in die liggaam ontwikkel verwyder om histologiese toetse op te doen om te bepaal of dit nie ‘n kwaadaardigheid is nie.

‘n Lipoom wat onder die vel ontwikkel het kan deur middel van ‘n eenvoudige operasie verwyder word. Die wond moet toegehou word vir 5 – 7 dae. Die pleister kan vervang word as dit vuil of nat word. As nie-oplosbare steke ingesit is, kan dit na 10 – 14 dae verwyder word. Daar sal dan net ‘n dun, wit litteken sigbaar wees.

CARL STREICHER

ECS/vvn Sept 2011